**Dinsdag 30 Mei**
**Skrifgedeelte: Hebreërs 13:1-7**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 13:4**
**Hou die huwelik eerbaar**

Ons en die Joodse Christene aan wie hierdie skrywe oorspronklik gerig is, word baie dringend gewaarsku teen verslapping en afvalligheid (Heb. 6:4-6). Ons word bemoedig om in die geloof te volhard, want Christus het deur sy soenverdienste ons voete geplaas op ’n weg wat nuut is en na die lewe lei (Heb. 10:20).

Die Here leer ons ondere andere in hoofstuk 13 wat volharding in die geloof prakties beteken. Behalwe die onderlinge liefde en gasvryheid wat ons aan mekaar moet betoon, kom die huwelik ook ter sprake. “Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word” (vs 4a). Die rede daarvoor is dat die huwelik deur God ingestel is (Gen. 2:18, 21-24). Dit gaan dus nie maar net oor ’n getekende dokument wat vir saketransaksies of ander doeleindes benodig word, soos dit dikwels deur die wêreld gesien word nie. God het die huwelik ook ingestel om die verhouding tussen man en vrou te beskerm (1 Kor. 7:2). Gelowiges moet dan voor die Here en getuies beloftes aan mekaar aflê om aan mekaar getrou te wees.

“Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar” (vs 4b) dui daarop dat die huwelik ook bedoel is om man en vrou binne die huwelik as een vlees saam te bind. Hoe hoog God die huwelik ag, is duidelik, aangesien Hy enige vorm van seksuele verkeer buite die huwelik veroordeel volgens vers 4c: “Want ontugtiges en egbrekers sal onder die oordeel van God kom.” In hierdie verband verwys “ontugtiges” na dié wat as ongetroudes, dus buite die huwelik, seksueel verkeer. Saamwonery buite die huwelik en rondslapery deur ongetroudes, om watter rede ook al, word hier deur God veroordeel. Egbrekers verwys hier na dié wat wel getroud is, maar ontrou is aan hulle huweliksmaats. Ontrouheid in jou huwelik is ook ontrouheid aan God.

Bid dat die Heilige Gees jou sal versterk om die huwelik eerbaar te hou.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. JB du Plessis (Jan) (emeritus)*